

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 190**

(Oktober 1984)

**"Ek sal in gelykenisse praat;  
Ek sal bekend maak wat  
Geheim gebly het van  
Die skepping af"**

(Mat. 13:35)

# Onkruid in die koring

(Matt. 13:24-30)

Wat 'n pragtige toneel: Daar staan 'n lap koring . . . mooi, groen en gesond . . . want die grond was goed en die saad was goed. Die boer het sy werk gedoen, geploeg en gesaai. Maar verder het God gesorg dat die saad opkom en grootword.

Só lyk God se koninkryk . . .

God se volk ...

ky en ek.

Nie uit onself nie, maar deur die versorgende hand van God groei ons deur God se genade.

Maar let mooi op: In hierdie gelykenis verskyn 'n nuwe faktor, naamlik 'n vyand wat God se oes wil belemmer deur onkruid op die land te saai. "Een nag, toe die mense slaap, het die vyand gekom . . ."

En luister mooi wat sê Matt. 13:30: "Al twee (goeie saad en onkruid) het saam gegroei tot en met die oestyd."

En sê leer Christus ons: In God se koninkryk heers daar nie net alleen voorspoed nie . . . Nee, daar is ook 'n verbete stryd teen 'n vyand wat bitterlik haat. En geliefde leser, hierdie feit lê in die daeraad van die mensegeskiedenis. Reeds vanaf die eerste mens in die Paradys het Satan nooit gekroom om die ongeskonde lewe van God se kind met sy onkruidsaad te besoedel nie. En hierdie felle stryd sal woed tot in ewigheid, want die skeiding tussen saad en onkruid geskied eers op die einde!

God laat dit ook oor die onkruid reën - hulle groei lustig ... tot die dag van die oordeel!

Ons mag dus nie leef onder 'n valse optimisme of 'n negatiewe veragting en van sommige sê: "Die oordeel kom jou nie toe nie."

Jy moet voluit leef . . . geniet. . . stry!

Want waar God saai, daar saai die duiwel ook. Die skeiding kom eendag by die oordeel.

Intussen woed die stryd voort en dreig die onkruid om die saad te versmoor.

Maar hy of sy wat volhard tot die einde toe, sál gered word. Die stryd is fel, maar ons kan groei en bloei deur God se genade.

**Ds. Nico Ligthelm**

# Die Koninkryk van God groei

"Die koninkryk van God is soos 'n mosterdsaadjie . . . en soos suurdeeg." (Matt. 13:31, 33.)

Christus het soms die manier gehad om ingewikkelde dinge op 'n baie eenvoudige manier aan sy hoorders te verduidelik. So gebruik Hy dit wat met 'n mosterdsaadjie en met suurdeeg gebeur om vir ons die dinge aangaande Sy koninkryk te verduidelik.

## Mosterdsaad

Mosterd was in daardie tyd as 'n groentesoort geag. Sy saadjie is baie klein — die kleinste van al die saadsoorte. Maar wanneer dit groei word dit 'n groot struik. Binne 'n jaar (dit is 'n eenjarige plant) groei dit tot ongeveer drie meter hoog.

In die hierdie klein saadjie is daar dus 'n geweldige groeikrag verborge. 'n Groeikrag wat jou verwagtings ver te bowe gaan.

## Suurdeeg

Suurdeeg het eweneens 'n geweldige vermoë wat in hom opgesluit lê. 'n Klein bietjie suurdeeg deursuur 'n groot skottel meel.

## Groeikrag

Die klein mosterdsaadjie se groei is buite verhouding groot met die grootte van die saadjie. Net so is die deursurende werking van die suurdeeg veel groter as wat die grootte van die krieseltjie suurdeeg is.

Met die groei in die Koninkryk van God gaan dit presies net so. Die Koninkryk van God in die Nuwe Testament begin klein. Dit begin met die Kindjie Jesus se geboorte in Betlehem. Dan is daar die twaalf dissipels. Later is daar so 'n groot massa dat hulle Jesus soms byna vertrap. Nog later brei die Koninkryk van God uit tot *alle* volke, tale en nasies; tot by elke uithoek van die aarde, in alle windrigtings.

Die groeikrag van die Koninkryk van God is veel groter as wat 'n mens van so 'n klein en onaansienlike en nederige begin in Betlehem sou verwag.

## Rede vir groei

Die rede vir die fenomenale groei van die Koninkryk is doodeenvoudig omdat dit die koninkryk van *God* is — die lewende God, wat net deur te "sê" alles geskep het, en dit het geskied.

Hy brei Sy Koninkryk uit deur Sy Woord te verkondig — Sy Woord wat lewend en kragtig is, en skerper is as enige swaard wat twee snykante het.

Sy Woord dring in tot in die diepste wese van die mens, en daar skep God deur Sy Heilige Gees vir jou 'n nuwe hart — daar buig Hy jou wederstrewige wil om tot Sy heilige wil — daar verdryf Hy die duister en verlig Hy jou gemoed.

Ja, só eenvoudig werk God in jou: Deur *Sy Woord!*

Daarom:

Lees Sy Woord.

Bepeins Sy Woord.

Graveer Sy Woord in op die tafels van jou hart.

Dan sal jy sien dat Sy Koninkryksheerskappy ook in jou lewe sal groei! Jy sal Hom al meer en al meer as jou Koning en Here bely en liefhê. Lees Sy Woord en jy sal sien hoe versterk Hy jou geloof.

Om 'n mosterdsaadjie te plant en om suurdeeg in meel te knie is maar 'n geringe inspanning. Maar die eindresultaat is oorweldigend - ja, onverstaanbaar groot. 'n Massiewe struik en 'n hele skottel bruikbare deeg is die eindresultaat.

Net so is dit 'n geringe inspanning om die Woord van God te lees, maar die eindresultaat is verbysterend groot:

God maak van jou 'n burger in Sy Koninkryk.

Hy maak vir ewig van jou 'n hemelse burger.

**Ds. A. H. Grové**

# Die een Skat

Solank as die mens nog sterk en fris is en jy jou dagtaak met moed en ywer kan aanpak, gaan dit goed met jou.

Dit kan selfs so goed gaan dat jy miskien dink dat jy sonder God kan klaarkom.

So 'n bietjie Bybel lees - miskien as jy vyf minute te spaar het. Dalk 'n vinnige gebed as jy lus het. My liewe leser, jy doen dit darem nog. Is jy daarmee tevrede? So 'n maksimum van vyf minute op 'n dag van 24 uur?

Kom ons leer iets uit die gelykenis van onse Here Jesus Christus in Matt. 13:44.

'n Man is op soek na 'n skat. Die skat is begrawe. Dit is ook nie snaaks nie, want ons lees ook in Matt. 25:18 van nog 'n skat wat begrawe is.

En terwyl die man so op soek is na 'n skat en loop en grawe — kry hy dit skielik.

Hy maak dit weer versigtig toe onder die grond, gaan en verkoop alles wat hy het en koop die stuk grond.

Hy maak dit dus tot sy eiendom. Dit is ook hoe dit met die Koninkryk van God gesteld is. Dit word nooit op 'n oneerlike manier bekom nie. Dit word verkry deur inspanning. Jy kan dit nie van 'n ander roof nie. Jy kan dit ook nie by 'n ander uitgrou en by jou inplant asof dit maar so hoort nie.

Die koninkryk van God is van só 'n aard dat dit deel is van jou, op so 'n wyse dat dit nie geroof kan word nie.

Jou hele lewe word daardeur omvat. Jy is bereid om alles prys te gee ter wille van die koninkryk van God. 'n Mooi voorbeeld is die dissipels wat Jesus geroep het en alles net so laat staan het om Hom te volg.

Jy maak dit deel van jou.

Dit word die één en ál van jou bestaan.

Daarom sê die Here Jesus: "Soek eers die koninkryk van God . . ." Matt. 6:33.

Maar ons leer ook hieruit dat toe die man die skat kry, hy dit weer toegemaak en stilgebly het.

Hy het nie daarmee oploop gegaan nie.

Hy het nie gegaan en dit vir almal vertel nie.

Hy wou dit nie goedkoop maak nie.

Maar hy het gegaan en alles moontlik gedoen om die koninkryk van God sy eie te maak.

Dit was vir hom alles.

Nie meer my krag, my gesondheid, my tyd nie, maar aan God kom toe die volkome eer.

My krag tot eer van God.

My gesondheid in diens van God.

My tyd in die lig van die ewigheid.

Gods koninkryk is vir my 'n skat van soveel waarde, so ryk in omvang dat ek dit nooit in die vergetelheid kan laat wegraak nie en nooit van my kan laat vervreem nie: Dit is my alles.

**Ds. Andries H. Mulder**

# Die Visnet

"Verder gaan dit met die Koninkryk van die hemele soos met 'n treknet wat in die see gegooi is en allerhande soorte vis vang." (Matt. 13:47)

## Die visnet

In die tyd toe Christus op aarde was het die vissers met 'n visnet vis gevang. Die visnet word in die see gegooi en dan word die vis daarin vasgekeer.

As die net vol is, word dit in die skuit getrek en die vis word aan wal gebring. Alle soorte vis word in die net bymekaar gemaak.

## Geskei

As die vis gevang is, is al die vis nie bruikbaar nie. Die visser sorteer die vis. Die bruikbare en die onbruikbares word van mekaar geskei. Die bruikbares word in bakke gegooi en die ander word weggegooi.

## Die Koninkryk

Christus sê dat daar in die koninkryk iets soortgelyk gebeur soos by 'n visvangs met 'n visnet.

- Deur die verkondiging van die Woord van God word baie mense in die kerk vergader. Daar is baie mense wat belangstel daarin om salig te wees en om meer van God en van die verlossingswerk van Christus te wete te kom. Daar is baie mense wat sê dat hulle glo . . . baie word in die visnet opgevang.
- Maar in die koninkryk van God kom daar, net soos by die visnet, ook 'n skeiding. Matt. 13:49, 50 sê: "Die engel sal uitgaan en die slegtes van die goeies skei en hulle in die brandende oond gooi."
- In die visnet bly die goeies en die slegtes vermeng. Net so bly die goeie en die slegte mense in hierdie wêreld vermeng. Hulle werk saam. Hulle bly saam in dieselfde straat. Hulle lees saam die Bybel. Hulle bid saam.
- Op die laaste dag vind die skeiding plaas. Dit is die dag wanneer Christus as Regter terugkom na die aarde toe.

## Slegtes en goeies

Wie is die slegtes en wie is die goeies?

- + Die slegtes is die goddeloses. Hulle word uitgewerp in die buitenste duisternis. Daar sal hulle vir ewig 'n ondraaglike pyn verduur. Daar sal hulle ween en op hulle tande kners. Ja, die Godverlatenheid van die hel is 'n onbeskryflike en nimmereindigende smart.
- + Soms lyk die slegtes soos die goeies. Maar daarom waarsku Christus in Matt. 7:21: "Nie elkeen wat vir My sê: "Here, Here", sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."
- + Die goeies is hulle wat waarlik glo in die Here Jesus Christus. Dit is die wat weet hoe sleg hulle in hulleself van natuur is, maar wat Christus en al Sy weldade met 'n gelowige hart omhels. Dit is die wat glo dat God se genade, wat Hy in Christus aan hulle bewys het, vir hulle genoeg is, en dat Hy Sy krag in hulle swakheid volbring.
- + Die goeies is die wat deur God goed gemaak is, waardig gemaak is om in die koninkryk van die hemel in te gaan.

**Ds. A. H. Grové**